



**AANSOEK OM SUBSIDIE VIR OPGRADERING VAN LANDELIKE DIENSTE - PLAASWERKERS
 BEHUISING**

NAAM VAN PLAASEIENAAR:

POSADRES: WOONADRES:

TEL NR:

FAKS NR:

Geregistreerde plaasnaam waarop aansoek betrekking het:

.....

BTW Registrasienommer:

SUBSIDIE BEDRAE WAT IN DIE 2012 / 2013 FINANSIËLE JAAR VAN TOEPASSING IS: (HIERDIE BEDRAE MAG MOONTLIK IN DIE TOEKOMS AANGEPAS WORD)

- (i) Lopende water oor opwasbak in kombuis - R 2,000.00 per woning
- (ii) Aanbou van badkamer met spoelsanitasie in woning - R 7,000.00
- (iii) Voorsien van slegs 'n spoeltoiletgerief- R 3,000.00
- (iv) Voorsien van 'n aanvaarbate tipe droë sanitasie fasiliteit - R 3,000.00
- (v) Warmwater - R 2,000.00
- (vi) Bedrag waarvoor aansoek gedoen word, sluit pypwerk en septiese tenk in - R7,000.00

Getal wonings waarvoor aansoek gedoen word. (Vul asseblief alle wonings wat opgradeer moet word in, ongeag of die maksimum bedrag van R45, 000.00 per eiendom oorskry word)

- (i) Lopende water oor opwasbak in kombuis
- (ii) Aanbou van badkamer met spoelsanitasie in woning.
- (iii) Spoeltoiletgerief
- (iv) Droë sanitasie fasiliteit
- (v) Warmwater
- (vi) Septiese Tank en pypwerk

U aandag word daarop gevestig dat:

As gevolg van die beperkte fondse en die groot behoefte wat daar bestaan, u aansoek nie noodwendig goedgekeur sal word nie, of moontlik slegs gedeeltelik goedgekeur mag word.

As gevolg van die beperkte fondse en die groot behoefte wat daar bestaan, u aansoek nie noodwendig goedgekeur sal word nie, of moontlik slegs gedeeltelik goedgekeur mag word.

Die wetlike verpligting vir die voorsiening van water en sanitasie aan plaaswerkerswonings berus ingevolge die Nasionale Strategiese Raamwerk vir Waterdienste, Artikel 3.5.2, en die Wet op Gesondheid (Wet 63 van 1977) en die Plattelandse Sanitasie Regulasies wat by die genoemde wet geïnkorporeer is, by die plaaseienaar, en sal die nie-toestaan van die subsidie nie die eienaar van hierdie verpligting onthef nie.

Ingevolge die huidige beleid van die Raad sal die goeüeurung van die subsidies aan onderstaande voorwaardes onderhewig wees:

1. Die woning moet vir 'n tydperk van minstens 5 jaar vir plaas-arbeider huisvesting gebruik word, en moet die geriewe deur die eienaar gedurende gemelde tydperk in goeie werkende toestand onderhou word. 'n Skriftelike onderneming in hierdie verband moet aan die Raad voorsien word.
2. Alle werk moet binne 6 maande na datum van goedkeuring van die subsidie afgehandel wees.
3. Subsidie sal slegs uitbetaal word na bevredigende voltooiing van die werke.
4. Die subsidiesal gekoppel wees aan 'n gesondheids-en higiënebewusmaking envoorligtingsprogram wat deur die Raad aangebied sal word.
5. 'n Maksimum subsidie van R 9,000.00 per woning en R45,000.00 per plaas sal oorweeg word.

.....
Handtekening van Plaas Eienaar

.....
Datum

VIR KANTOOR GEBRUIK:

- | | | |
|-------|--|-------|
| (i) | Lopende water oor opwasbak in kombuis | |
| (ii) | Aanbou van badkamer met 90elsanitasie in woning. | |
| (iii) | Spoeltoiletgerief | |
| (iv) | Droë sanitasie fasiliteit | |
| (v) | Warmwater | |
| (vi) | Septiese Tank / Pypwerk | |

TOTAAL WAARVOOR AANSOEK GEDOEN WAS

ORMERKINGS

.....
.....

Hiermee sertifiseer ek dat bo-genoemde werk bevredigend afgehandel is.

.....
GETEKEN DEUR INSPEKSIE ROTENAAR

.....
DATUM

SPESIFIKASIES EN VOORWAARDES VIR DIE OPGRADERING VAN DIENSTE AAN LANDELIKE PLAASWERKERS WONINGS

Aansoeke vir 'n subsidie vir plaas werkers wonings is onderhewig aan die volgende:

1. 'n Subsidie sal net goedgekeur word vir alle nuwe werk wat uitgevoer word (waar geen water en of sanitasie stelsel by werkers se wonings beskikbaar is nie, en/of waar daar nog van 'n put stelsel of emmerstelsel gebruik gemaak word.)
2. Alle pype, toebehore en material wat gebruik word by konstruksiewerk asook die lê van riool pypwerk moet voldoen aan die vereistes van SANS- en die Nasionale boustandaarde.
3. 'n goedgekeurde bouplan vir die voorgestelde pypwerk en/of riool opgaar tenk (concergency tank) moet saam met die aansoek om subsidie ingedien word.
4. Geen nuwe septiese tenk met dreineerput of 'n sinksloot stelsel word meer toegelaat, ingevolge die DWAF riglyne nie. Waar daar wel nog 'n bestaande Septiese tenk stelsel is kan dit, asook die pypwerk opgegradeer word en moet dit voldoen aan die riglyne per SANS No.TTI 14/99. Geen subsidie sal van toepassing wees vir die opgradering van bestaande Septiese tenks nie maar sal slegs toegestaan word vir die opgradering van pypwerk wat lei na die Septiese tenks
5. Opwasbakke in die kombuis moet die vlekvrige staal tipe wees en voorsien wees van ten minste 1 kraan.
6. Badkamers moet ten minste van 'n toilet pan en 'n spoelbak voorsien wees, wat 'n maksimum kapasiteit van 11 liter hou, 'n handwasbak kan ook aangebring word.
7. Indien die badkamer/toilet 'n losstaande struktuur is, moet dit 'n geboude struktuur wees. 'n Voorafvervaardigde beton struktuur is ook aanvaarbaar. Geen tydelike toilet (plastiek tipe, ens) sal aanvaar word nie.
8. Indien 'n riool opgaar tenk (concergency tank) geïnstalleer word, kan daar van 'n vooraf gegiete/gegote beton-, glasvesel-, plastic tipe en baksteen geboude gepleisterde rioolopgaar tenk gebruik gemaak word.
9. Dit moet ook indien moontlik 100 meter vanaf die naaste rivier of stormwater sloot geleë wees.
10. Dit moet ook van 'n toegangsluik voorsien word.
11. Die subsidie sal ook van toepassing wees op klein kompakte riolsuiweringstelsel en 'n goedgekeurde lisensie van die Departement water wese moet saam met die aansoek om subsidie ingedien word
12. Die bedrag waarvoor aansoek gedoen word, sluit pypwerk en/of riool opgaar tenke in.

ALLE WERK MOET BINNE 6 MAANDE NA DATUM VAN GOEDKEURING VAN SUBSIDIE, OF BINNE 'N KORTER TYDPERK SOOS DEUR DIE MUNISIPALITEIT VOORGESKRYF MAG WORD, TENVOLLE VOLTOOI WEES EN 'N INSPEKSE UITGEVOER IS, ALVORENS SUBSIDIES UITBETAAL SAL WORD. DIE WONINGS MOET OOK VIR 'N MAKSIMUM VAN 5 JAAR AS PLAAS-ARBEDER HUISVESTING GEBRUIK WORD, EN MOET DEUR DIE EIGENAAR IN 'N GOEIE WERKENDE TOESTAND GEHOU WORD.

As eienaar aanvaar ek die spesifikasies en voorwaardes soos hierbo uiteengesit.

.....
Naam van plaaseienaar

.....
Datum

.....
Handtekening van Eienaar.

.....
Getuie

DRAKENSTEIN MUNISIPALITEIT

ONDERNEMING

(Faks die inligting na 021-8705122 vir aandag DJ le Roux)

Hiermee onderneem ek, eienaar van plaas

- 1. om die woning(s) waarvoor ek subsidie ontvang het vir die opgradering van basiese dienste vir 'n tydperk van minstens Vyf (5) jaar na ontvangs van subsidie vir plaaswerkersbehuising aan te wend;
- 2. dat ek gedurende hierdie tydperk die geriewe ten alle tye in 'n goeie werkende toestand sal onderhou,
- 3. dat indien ek nie bogenoemde onderneming gestand doen nie, ek die subsidie bedrag aan die Drakenstein Munisipaliteit sal terugbetaal, by gebreke waarvan 'n regsgeding deur die Drakenstein Munisipaliteit teen my ingestel sal word vir die terugvordering van die subsidiebedrag.
- 4. Ek verklaar ook hiermee dat ek geen subsidie van Drakenstein Munisipaliteit, Kaapse Wynland Distriks Munisipaliteit asook van enige Staats instansies ontvang het nie, vir die werk waarvoor ek nou aansoek doen.

GETEKEN TE..... OP HIERDIE DAG VAN.....
20IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN DIE ONDERGETEKENDE GETUIES.

.....
HANDTEKENING VAN EIENAAR

GETUIES: 1.
2.

My bank-besonderhede is soos volg, vir inbetaling van die subsidie-bedrag:

Bank:
Tak-kode:
Naam van rekening:
Rekening nommer: